Tog vra God ons om die te verag wie Hy verwerp en hulle te eer wat die Here dien. _____

Wat behels dit om jou woord te hou tot jou eie skade? _____

Mag jy geld op rente uitleen? _____

Waaroor gaan dit hier? _____

Voldoen jy aan God se standaard vir geregtigheid? _____

Lees aandagtig deur Romeine 5: 12-21.

Let op hoe word Adam en Christus teenoor mekaar afgespeel. - Bespreek.

Let op hoeveel keer kom die gedagte van genade, gawe en geskenk in die gedeelte voor. Wat wil God hiermee oordra? _____

Hoe kom 'n mens in die regte verhouding met God? _____

Hoe kry jy deel hieraan? _____

Hoe voel jy hieroor? _____

Watter nuwe begeerte behoort nou in jou hart te ontstaan? _____

Lees 2 Petrus 1:4-8 _____

Wat was God se verantwoordelikheid?

Wat is jou opdrag? _____

Wat is die teendeel van honger en dors na wat reg is? _____

Lees Jeremia 2:11-13 _____

Hoe gebeur dieselfde in ons lewens?

Wat is die belofte aan die wat honger en dors na wat reg is. _____

Psalm 2:12; 18:30; 63:1; 105:3; Spreuke 8:17; Matteus 7:7; Lukas 11:9, 10 _____

Hoe gaan hulle versadig word? _____



**Mens tot mens**

Spreek julle kleingroepbyeenkomste van 'n honger en dors na geregtigheid?

Bid vir mekaar by name vir hierdie honger en dors na wat reg is.

# Die wat honger en dors...

Nederduitste Gereformeerde Gemeente Middelburg

Tel:013-282-7153

www. Witkerk.co.za



## Mens tot mens

Vertel vir mekaar van 'n geleentheid wat jy rêrig honger of dors was.

Om deur slegte ambisies gedryf te word.

Jesaja 14:13-14 _____

Daniel 4:30-32 _____

Lukas 12:17- 20 _____

Is daar iemand wat wil vertel van 'n keer wat hy deur verkeerde ambisies gedryf is?



## Mens tot God

Gee geleentheid vir een-sin-gebede waar julle die Here vra om teenwoordig te wees in hierdie studie van sy Woord.

Sing lied 200 Lekker saam.

200 U goedheid, Heer, kan ons nie peil nie

1. U goedheid, Heer, kan ons nie peil nie -
wie word daardeur nie diep getref!
Niks anders bring vir ons die heil nie -
ons wil ons hart tot U verhef.
Aan U alleen ons dank en ere -
U wat ons in u liefde lei.
U sal ons nooit vergeet nie, Here -
U wil ons in u waarheid lei.



## God tot mens

# Lees Matteus 5:1-12

Hoe pas die saligsprekinge by mekaar in?

Gesels oor die stelling: "Die enigste manier om deel te wees van Jesus se saligsprekinge is om deel van God se koninkryk te word."

Wat wil die Here Jesus oordra met die woorde: "...dié wat honger en dors..."

_____

Hoe sal jy honger en dors as 'n staat uitdruk? _____

Waarna honger en dors jy? _____

Waaraan spandeer jy jou krag, tyd geld en aandag? _____

Waarna moet ons honger en dors? "Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, ..." OAV

"Gelukkig is almal wat met alles in hulle daarna streef om te doen wat God vra."Die Boodskap

"Righteousness is the state of moral perfection required by God to enter heaven."

_____

God se standaarde is hoog!

Lees Psalm 15 _____

Beskryf onberispelike optrede. _____

Hoe weet jy of iets reg of verkeerd is?

Hoe lyk iemand wat met sy hele hart die waarheid praat? _____

Wat is kwaad praat? _____

Sy medemens nie kwaad aandoen of beledig nie. Wat wil die Psalm vir ons sê? _____